

HOOFSTUK 1

DOEL, METODE EN PROGRAM VAN ONDERSOEK

Die onvermoë om goed te kan lees, is 'n openbaring van disharmonie in die lewe van 'n kind. Hierdie disharmonie kan veroorsaak word deur 'n verskeidenheid probleme wat nou verwant is aan psigologiese, fisiese, opvoedkundige, omgewings en ander probleme, of as gevolg van die interaksie wat tussen al die probleme of sommige van die probleme ontstaan (Eames, 1960, p.1-34).

Die aantal kinders wat nie in die skool kan vorder as gevolg van leesprobleme nie, neem onrusbarend toe. Verskeie ondersoekers beweer dat tussen 11% en 33% van die totale skoolbevolking in Amerika 'n onvoldoende leesvermoë het (Gray, 1956, p.2; Money, 1966, p.4; Guilford, 1974, p.9). Dit is egter ook bevind dat daar 'n afname in Amerika is in die aantal veertienjarige kinders met 'n leesagterstand van meer as vyf jaar (Guilford, 1974, p.9). Die meeste opvoedkundiges, skoolsielkundiges, onderwysers en medici sal saamstem dat die hoeveelheid swak lesers te hoog is. Dit kan aanvaar word dat 'n groot persentasie leerlinge die res van hulle skoolloopbaan swak lesers sal bly. Hierdie swak leesvermoë kan hulle vir die res van hulle lewe in 'n sekere mate benadeel, want selfs hulle beroeps- en studiekeuses word drasties beperk. Swak leesvermoë kan 'n dramatiese uitwerking op 'n kind hê, aangesien hy jare lank in opvoedkundige omstandighede gedwing word wat hy glad nie kan bemeester nie, want hy word deur die wet verplig om in die skool te bly tot aan die einde van sy sestiende jaar. Sy stryd om te studeer,

as gevolg van sy onvermoë om behoorlik te kan lees, word al moeiliker hoe ouer hy word.

Die leesvertraagde leerling het geen ontvlugting van sy probleem nie en word daaglik op allerlei frustrerende maniere aan sy swakheid en onvermoë om die skoolwerk te bemeester herinner. Hy gaan met moeite, frustrasie en angs van een periode na die ander en van een dag na die ander. Sodanige leerling kan 'n swak selfbeeld ontwikkel wat ook in baie gevalle deur sy maats, onderwysers en ouers vererger kan word. 'n Leesvertraagde leerling se hele wese word op verskeie maniere deur sy probleem beïnvloed.

Kinders met leesprobleme kan nie sonder meer in vasgestelde kategorieë ingedeel word nie. Hulle kan in alle ouderdomsgroepe gevind word, op alle vlakke van intelligensie en hulle het verskillende fisiese en persoonlikheidskomponente. Swak lesers mag opgroei by verstandige of onverstandige ouers, in gelukkige of ongelukkige ouerhuise, in goeie of swak sosio-ekonomiese omgewings. Sommige kinders mag deur hierdie toestande geraak word, terwyl ander in soortgelyke omstandighede glad nie benadeel word nie.

By die sekondêre leesprobleem vestig die emosionele probleme hulle eerste en daarna die leesprobleem. Soms word die emosionele probleem eers gevestig nadat die leesprobleem ontstaan het. In dié geval is die leesprobleem primêr van aard. In baie gevalle is dit moeilik om te bepaal of die lees- of emosionele probleem eerste ontstaan het. Alle leesvertraagde kinders ontwikkel egter 'n sekere onewewigtigheid in hulle lewens. Diegene wie

se probleme in die voorskoolse jare ontstaan het, ontwikkel dikwels toenemende emosionele probleme wanneer hulle nie akademiese vaardighede kan aanleer nie of dit moeilik vind om dit aan te leer. Die leesvertraagde leerling met 'n redelik stabiele agtergrond, reageer soms met 'n verskeidenheid emosionele onstabieliteite as gevolg van mislukking om leesvaardighede na wense aan te leer.

1.1 PROBLEEMSTELLING

Ondersoeker het uit eie ondervinding gemerk dat baie leerlinge wat remediërende leesonderrig van gekwalifiseerde remediërende onderwyseresse ontvang het, op 'n latere stadium weer na die skoolsielkundige klinieke terugverwys is vir dieselfde probleem. Sommige van hierdie leerlinge het remediërende leesonderrig individueel of in groepsverband ontvang. Sommige leesvertraagde leerlinge wat remediërende leesonderrig op 'n deelydse basis van twee periodes van 'n halfuur elk per week op aparte dae ontvang het, is op 'n latere stadium ook weer na die sielkundige klinieke verwys. By herevaluering van die leesvermoë van die terugverwysde leerlinge het dit aan die lig gekom dat sommige van hulle nog steeds leesvertraagd was. Mettertyd het die vraag ontstaan waarom hierdie leerlinge nie voldoende baat gevind het by remediërende leesonderrig nie.

Ooreenstemmende bevindinge is in die literatuur opgespoor. Balow (1965, p.581 - 586); Lovell, Byrne en Richardson (1963, p.3 - 9); Muehl en Forell (1973, p.110-123) en Myklebust (1975, p.34) het opvolgstudies onderneem van leesvertraagde leerlinge wat remediërende leesonderrig ontvang het op 'n tydelike basis van twee lesperiodes

van ongeveer 40 minute elk per week. Hierdie ondersoekers het gevind dat, ten spyte van die remediërende leesonderrig wat hierdie leerlinge ontvang het, daar nog 'n betekenisvolle verskil bestaan het tussen hulle leesvlak en die leesvermoë van ander kinders in dieselfde verstandsouderdomsgroep (vgl. Roswell, 1971, p.1; Pappas, 1975, p. 150; Vedder, 1964, p.45). Muehl en Forell (1973, p.110 - 123) het die langtermynwaarde van remediërende leesonderrig probeer vasstel. Leesvertraagde leerlinge wat tussen 1963 en 1965 remediërende leesonderrig ontvang het, is na 'n periode van 10 jaar weer deur hulle geëvalueer. Daar is bevind dat slegs 4% van die gevalle 'n gemiddelde of hoër leesvlak gehad het en 96% het geen langtermynverbetering getoon nie.

Die resultate van bogenoemde ondersoekers dui nie noodwendig aan dat remediërende leesonderrig geen waarde het nie. Die resultate dui moontlik daarop dat remediërende leesonderrig in sommige gevalle nie die oorsaak of oorsake van leesvertraging herstel of verwyder het nie. Die noodsaaklikheid van verdere navorsing in hierdie verband is van belang.

Om nou fyner af te spits, kan die volgende probleme op grond van die voorgaande bespreking gestel word:

- (i) Ondersoeker het in die praktyk gevind dat by sommige van bogenoemde leerlinge wat na 'n tydperk van remediërende leesonderrig nie bevredigende vordering getoon het nie en dan terugverwys is na die klinieke, daar sekere tiperende huislike omstandighede (vgl. par. 3.4 en 3.5), persoon-

likheidstrekke (vgl. par. 3.6) en opvoedkundige probleme (vgl. par. 3.3.3)aanwesig was. Dit het ook geblyk dat hierdie leerlinge 'n swak selfkonsep het (vgl. par. 3.8).

- ii) In baie gevalle het dit voorgekom asof daar ongunstige ouer-kindverhoudinge aanwesig was. Literatuurstudie het hierdie vermoede bevestig (vgl. par. 4.5.6.2).
- iii) Leesvertraging gee vermoedelik aanleiding tot groter angs by ouers en kinders as wat die geval by die meeste ander tipes vertraging is. Die rede is nie duidelik nie, maar dit kan moontlik toegeskryf word aan die toenemende belangrikheid van leesvaardigheid in die moderne wêreld. Angs by die leesvertraagde kind, veral as dit gestimuleer word deur die ouers se angs, kan negatief inwerk op sy prestasie en selfbeeld. As gevolg van sy swak leesvermoë, voel die swak leser skuldig en onwaardig. Hy voel asof daar nêrens vir hom plek is nie en dat hy verstote is en dat niemand hom liefhet nie. 'n Gevolg hiervan is dat hy homself sien as 'n onwaardige mens en hy kan moontlik op verskeie maniere negatief begin kompenseer. Die vermoede is dat daar waarskynlik niemand beter toegerus is om die menswaardigheid van die swak leser te herstel as juis sy eie ouers nie.
- iv) Onderzoekers het bevind dat leesvertraagde leerlinge in baie gevalle oor 'n swak selfkonsep beskik (vgl. par. 3.8). Indien enige van die as-

pekte van die selfkonsep nadelig beïnvloed word, kan 'n leerling se leesvermoë daaronder ly. Vir die ontwikkeling van 'n leerling se selfkonsep, is die invloed van die ouerhuis van die grootste belang (vgl. par. 3.8.2.1).

- (v) Die ondersoeker het in die praktyk gevind dat leesvertraagde leerlinge nie voldoende waarde deur lees verkry nie (soos byvoorbeeld om hulle ervaringe binne die raamwerk van hulle eie omgewing te vergroot; om hulle lewens meer betekenisvol te maak deur ander se ondervindinge te verstaan; om hulle belangstelling in die ontwikkelende wêreld uit te brei; om verbeterde ideale, houdings en gedragspatrone te ontwikkel; om hulle eie probleme op te los; om hulle kulturele agtergrond te verryk en om plesier en genot deur lees te verkry). Daar is ook bevind dat gebrekkige leeshoudings en -vaardighede (soos belangstelling vir lees; om met begrip te lees; akkuraatheid in woordherkenning; leesspoed en om vir die genot te lees) by hulle aanwesig is (Gray, 1956, p.121 e.v.).

Bogenoemde sake is wesenlike probleme by die leesvertraagde leerling wat deur hierdie studie nagevors word. Deur middel van hierdie studie sal daar dan gepoog word om 'n oplossingsmetode vir die genoemde probleme te vind. Dit word dus as hipotese gestel dat die genoemde probleme deur middel van die prosedure van individuele onderhoude met die ouers van die leesvertraagde leerlinge uitgeskakel kan word. Daar sal dus deur middel van hierdie prosedure

bepaal moet word of ouers bevoeg is om hulle kinders met leesprobleme te help al dan nie. In die empiriese ondersoek sal hierdie hipotese as doelwitte gereflekteer word (vgl. par. 6.2).

1.2 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die oogmerk van hierdie studie is om leesvertraagde st. 3 en 4 Engelssprekende leerlinge wat uit 'n goeie sosio-ekonomiese omgewing geselekteer is, se leesvlak oor die langtermyn¹⁾ te verbeter deur slegs aan die ouers individuele voorligting te gee, sonder dat die leerlinge remediërende leesonderrig of voorligting ontvang.

1.3 DIE METODE VAN ONDERSOEK

Hierdie studie is in twee afdelings verdeel, naamlik die literatuurstudie en die teoreties-akademiese besinning oor verskillende aspekte van leesvertraagdheid (Afdeling A) en die empiriese ondersoek om leesvertraagdheid te verbeter (Afdeling B).

Afdeling A neem 'n aanvang met 'n bespreking oor die lees-

1. Weens praktiese redes, naamlik omdat sommige lede van dié eksperimentele groepe die omgewing sou verlaat om later verskillende hoërskole by te woon, is die langtermintydperk slegs beperk tot nege maande.

handeling (hoofstuk 2). In hierdie hoofstuk is daar in besonder aandag gegee aan lees in opvoedingskonteks, lees as handeling van die totale persoonlikheid, die voorskoolse kind en taalontwikkeling, die vaslegging van taal in skrifvorm en die onderskeie metodes by die aanleer van die leeshandeling.

Hoofstuk 3 handel oor leesprobleme waar aandag gegee word aan die manifestasie van leesprobleme, oorsake van leesprobleme, die plek van die gesin as opvoedingsinstansie, die basiese behoeftes van 'n kind, steuringsfaktore in die gesin, die vorming van die persoonlikheid en die invloed daarvan op die leessituasie en die vorming van die leesvertraagde leerling se selfkonsep.

Die diagnose van leesprobleme (hoofstuk 4) vorm 'n besonder belangrike deel van hierdie studie. In hierdie hoofstuk is daar veral aandag gegee aan die wese van diagnose, die beoordeling van intellektuele faktore by die diagnose van leesvertraging, taal en psigolinguïstiese onvermoë en spesifieke kognitiewe faktore.

Afdeling A word afgesluit met 'n besinning oor die ortopedagogiese optrede by leesvertraging (hoofstuk 5). Daar word ingegaan op die ortodidaktiese hulpverlening met verwysing na die basiese kenmerke en vereistes van remediërende leesonderrig en aan 'n basiese remediërende program. Aandag word verder aan die ortopedagogiese hulpverlening gegee met spesifieke verwysing na die wese van ortopedagogiese hulpverlening, die onderhoud en die benaderingswyses van onderhoudvoering. By die benaderingswyses van onderhoudvoering is slegs aandag gegee aan die direkte, die nie-direktiewe en die gekombineerde benaderingswyses.

Afdeling B neem 'n aanvang met 'n bespreking van die oorsig oor die empiriese ondersoek (hoofstuk 6) waar aandag gegee is aan die doel van die ondersoek en die metode van ondersoek.

Hoofstuk 7 handel oor die intelligensietoetse, "The Burt rearranged word reading test", die "Children's Personality Questionnaire" (CPQ), die "Hutt Adaptation of the Bender-Gestalt Test" (HABGT), die "Draw-a-family" teken-toets en twee van die "Bristol Social Adjustment Guides" (BSAG), naamlik "The child in school"-gids en die "Child-in-the-family"-gids.

Die samestelling van die ondersoeksgroepe en die eerste evaluering word in hoofstuk 8 aangebied.

Die ortopedagogies-ortodidaktiese hulpverlening word in hoofstuk 9 bespreek, waar die klem val op die eerste en verdere onderhoude met die ouers.

Die tweede en derde evaluering en 'n vergelyking van die resultate van al drie evalueringe word in hoofstuk 10 aangebied.

Ten slotte word die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings in hoofstuk 11 aangebied.

1.4 TERREINAFBAKENING

Daar word vandag verskeie terme gebruik om die probleem van swak lesers te beskryf, naamlik leesvertraagtheid, agterlikheid in leesvaardighede, woordblindheid, disleksie, legastenie, onderprestasie in lees, ensovoorts. Woordblindheid en disleksie word as dieselfde beskou en verskil van ander leesprobleme. Kinders met disleksie word in hierdie ondersoek uitgesluit. Daar sal in hier-

die ondersoek volstaan word met die terme leesvertraging, agterlikheid in leesvaardighede en swak leesvermoë. Hierdie terme kan breindisfunksie in- of uitsluit.

Ondersoekers (Roswell, 1971, p.1; Pappas, 1975, p.150; Vedder, 1964, p.45) verklaar dat 'n kind 'n swak leesvermoë het wanneer daar 'n betekenisvolle verskil bestaan tussen sy leesvlak en sy intellektuele potensiaal soos geëvalueer deur gestandaardiseerde toetse of wanneer sy leesvermoë betekenisvol swakker is as die leesvermoë van kinders in sy verstandsonderdomsgroep.

Hierdie sienings is onvolledig omdat dit net intellektuele vermoëns insluit, terwyl faktore soos taal, kultuur en omgewing by implikasie deur bogenoemde ondersoekers se omskrywing uitgesluit word.

Leesvertraagtheid is veel meer kompleks, en die volgende definisie stel die werklikheid van die probleem beter:

"(Reading retardation) designates individuals whose general level of reading ability is significantly below expectancy for their age and intelligence, and also is disparate with their cultural, linguistic, and educational experience." (Harris & Sipay, 1976, p.141).

Hierdie definisie van leesvertraagtheid sluit behalwe kognitiewe faktore ook kulturele, linguïstiese en opvoedkundige aangeleenthede en faktore in. Hierdie omskrywing sluit bykans alle oorsake van leesvertraging in.

Wanneer daar van leesvertraagtheid gepraat word, moet die gebrek aan leesvermoë in gedagte gehou word. 'n Gebrek aan leesvermoë

"...indicates that, regardless of the child's general level of reading ability, he is weak in one or more reading skills. In some cases the deficiency may be

quite specific and may not lower the general level of reading ability. Naturally, if there are a number of skill deficiencies, if they are in basic skills, or if the skills are severely deficient, the child's general level of reading ability will be adversely influenced." (Harris & Sipay, 1976, p.141).

Leesvertraagde kinders kan in drie groepe ingedeel word:

- i) kinders wat kultureel agterlik is en 'n swak basiese opvoeding ontvang;
- ii) kinders wat emosioneel versteurd is; en
- iii) kinders met spesifieke onvermoëns.

(Vernon, 1962, p.143-150).

Hierdie klassifikasie en omskrywing van leesvertraagtheid is in 'n sekere mate vaag, omdat dit volgens hierdie definisie moeilik bepaalbaar is of elk van hierdie kategorieë na een spesifieke oorsaak van leesvertraging verwys, of na verskillende oorsake, en of sekere oorsake soms afwisselend voorkom. So 'n omskrywing van leesvertraagtheid kan dus nie sonder meer op alle leesvertraagde kinders van toepassing gemaak word nie, want selfs kinders met dieselfde vermoëns, agtergrond, onderwysmetodes en -standaarde, ensovoorts, kan verskillend reageer in die leersituasie. Daarom behoort elke geval van leesvertraging op eie meriete gediagnoseer en behandel te word.

Daar sal deurgaans in hierdie navorsing volstaan word met die terme leesvertraging, leesvertraagtheid, agterlikheid in die basiese leesvaardighede en swak lesers, bedoelende een en dieselfde gebrekkige vermoë soos hierbo uiteengesit.

1.5 DIE PROGRAM VAN ONDERSOEK

In die voorafgaande paragrawe is die probleem van leesvertraging inleidend bespreek. Die doel van die ondersoek

is ook in 'n voorafgaande paragraaf gestel.

Die ondersoek is in twee dele verdeel, naamlik die teoretiese en die empiriese ondersoek. In die teoretiese deel van die ondersoek sal aangetoon word hoe die probleem in die literatuur gedek is. Die empiriese deel van die ondersoek handel oor hoe die probleem van leesvertraging verbeter kan word asook die resultate van die ondersoek.

Die beskouings oor die leeshandeling word in hoofstuk 2 gedek en daar word veral aangetoon dat die leeshandeling 'n persoonlikheidsakte is en dat lees 'n aktiwiteit is van die totale persoonlikheid. Verder word daar indringend ingegaan op die voorskoolse kind en sy taalontwikkeling en die vaslegging van taal in skrifvorm. Metodes by die aanleer van die leeshandeling word ook indringend bespreek.

In hoofstuk 3 word daar ingegaan op leesprobleme. Daar word gewys op die manifestasie van leesprobleme. Daar word veral besin oor die oorsake van leesprobleme wat ingedeel word onder kognitiewe, neurologiese, opvoedkundige en emosionele faktore. Dit is geen presiese indeling van leesprobleme nie, aangesien die verskillende faktore en kategorieë mekaar kan oorvleuel. Aangesien die plek van die gesin as opvoedingsinstansie so 'n belangrike faktor in hierdie ondersoek is, is aandag gegee aan die struktuur, funksies en fasette van die gesin en die steuringsfaktore wat daarin aanwesig kan wees. Die basiese behoeftes van die kind, die vorming van die persoonlikheid en die invloed daarvan op die leersituasie en die vorming van die leesvertraagde leerling se selfkonsep, word bespreek. By die bespreking is die selfkonsep ingedeel in die selfbeeld,

die ideale self en die selfrespek. Aandag is gegee aan die uitwerking van leesvertraging op die persoonlikheid van die kind en die reaksies van ouers daarop.

Diagnose van leesprobleme word in hoofstuk 4 bespreek waar daar veral aandag gegee word aan intelligensie en lees, taal en psigolinguïstiese vermoë, perseptuele probleme, neurologiese faktore en kulturele faktore.

Hoofstuk 5 handel oor die ortopedagogiese optrede by leesvertraging en is verdeel in die ortodidaktiese en ortopedagogiese hulpverlening. Basiese kenmerke en vereistes van remediërende leesonderrig sowel as 'n basiese remediërende program by die ortodidaktiese hulpverlening word bespreek. By die ortopedagogiese hulpverlening word die volgende bespreek: die wese van ortopedagogiese hulpverlening, die doel van die onderhoud, probleemstelling, en die direkteiewe, nie-direktiewe en gekombineerde benadering in onderhoudvoering.

Die empiriese ondersoek word vanaf hoofstuk 6 beskryf. In hierdie hoofstuk word die doel en die metode van die ondersoek uiteengesit, terwyl die verskillende toetse wat vir die ondersoek gebruik is, in hoofstuk 7 beskryf word.

Die samestelling van die ondersoekgroepe en die eerste evaluering word in hoofstuk 8 beskryf, terwyl die ortodidaktiese ortopedagogiese hulpverlening in hoofstuk 9 beskryf word. In hoofstuk 10 word die tweede en derde evaluering beskryf en 'n vergelyking van die resultate van al drie evalueringe word aangebied.

'n Samevatting van die evalueringe en onderhoude, gevolg-

trekkings en moontlike opvoedkundige implikasies en aanbevelings sal in hoofstuk 11 gegee word.

1.6 SAMEVATTING

Daar is in hierdie hoofstuk eerstens aandag gegee aan die doelstellings van hierdie ondersoek. . . Ten tweede is die program van die ondersoek uiteengesit. .

Die leeshandeling word in die volgende hoofstuk ontleed.